CVO GROMAR PRIVAATSKOOL

Posbus 888 * Groblersdal * 0470
Tel. no.: (013) 262 5419/5334
Finansies Faks na e-pos: 086 571 6916
Faks: 0866 05 6158
E-pos: cvogromar@telkomsa.net en admin@gromar.co.za

TOELATINGSBELEID VAN C.V.O. GROMAR PRIVAATSKOOL

1. **Die Toelatingsbeleid van CVO-Gromar staan op twee grondbeginsels**:

   1.1 Die Christelike-Protestantse geloof (Calvinisties-gereformeerd), gegrond op die Bybel soos uitgelê deur slegs die drie belydenisskrifte (Drie Formuliere van Eenheid) te wete die Heidelbergse Kategismus,

   Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dortse Leerreëls.

   1.2 Die uitleef van die Afrikanerkultuur, in besonder die kultuurbeskouiing dat kultuur die gehoorsaamheid aan die Bybelse Kultuuropdrag is en dat die Afrikaner se uitlewing daarvan onder andere vergestalt word in die Gelofte van Desember 1838 en die herbevestiging daarvan in Desember 1880.

2. **Die Toelatingsbeleid is**:

   2.1 Dat die skool slegs kinders toelaat wie se ouers die Christelik-protestantse geloofsoortuig soos verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid as persoonlike geloofsoortuiging bely en uitleef en dat alle ouers wel verbondsouers is.

   2.2 Dat die Doopbelofte as Verbondsgelofte ten volle deur ouers nagekom sal word en dat die kinders dienooreenkomstig ook in die skool volgens Calvinisties-gereformeerde leer onderrig sal word, d.w.s. dat die onderwys daarvolgens ingerig sal word.

   2.3 Dat die kind se reg tot moedertaalonderrig erken word en derhalwe sal die voertaal en onderrigtaal van die skool Afrikaans wees.

   2.4 Dat die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner as taal- en kultuurgroep gedenk en eerbiedig moet word.

   2.5 Dat ouers punte 2.1, 2.2, 2.3 en 2.4 moet onderskryf en aktief bevorder.

   2.6 Dat slegs ouers gekeur en of lede van die skool-vereniging toegelaat

word, wat voldoen aan die vereistes soos hierbo vermeld. Slegs kinders van gekeurde ouers word tot die skool toegelaat. Hierdie lidmaatskap van die ouers aan die skoolvereniging geld slegs vir die duur van een akademiese jaar en alle ouers moet jaarliks heraansoek doen vir lidmaatskap.

2.7 Dat slegs kinders toegelaat word wat nie die dissipline en goeie orde

van die skool sal ondermyn nie.

2.8 Ouers wat nie in Gereformeerde kerke is nie, kan vanaf 2009 toegelaat word in die skool, maar op voorwaarde dat hulle nie op die Opvoedingsraad mag dien nie.

3. **Verdere beleidsbepalings waaraan voldoen moet word, is:**

3.1 Dat ouers die wettige bestuurs- en onderrigstrukture en kommunikasiekanale van die skool in terme van die skool se oprigtingsdokumente,

aanvaar en te alle tye eerbiedig.

3.2 Dat ouers en kinders hulle onderwerp aan die skoolreëls en landswette.

3.3 Dat ouers alle finansiële verpligtinge soos deur die CVO-Gromar bepaal stiptelik sal nakom. Subsidies sal toegestaan word op meriete, na voorlegging van ‘n staat van Inkomste en Uitgawes.

3.4 Dat ouers lede word van die BCVO Beweging waar van toepassing.

4. Ons onderskryf die beginsels van die BCVO soos uiteengesit in die Toelatingsbeleid.

_____ _____

VADER MOEDER

DATUM: _____